BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# GELDSAKE

# Deel 4 – Die Spanning in Finansies

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Het jy al ooit gedink dat daar 'n geestelike dimensie aan finansies is of dat daar 'n geestelike stryd agter die bestuur van ons finansies is? Verduidelik.**

**Op watter manier het jy al konflik, emosies en verwarring beleef as dit kom by jou persoonlike finansies? Hoe het jy dit hanteer?**

**Met watter van die drie leuens wat in die preek genoem is, is jy al mee gekonfronteer – *1) Geld sal aan my sekuriteit gee; 2) Geld sal aan my betekenis gee; 3) Geld sal my geluk gee?* Hoe het jy dit hanteer?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Hebreërs 13:5-6. Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte? Hoe dink jy kom ons by dieselfde vrymoedigheid wat die skrywer in hierdie versies het as dit kom by ons eie finansies?**

**1 Timoteus 6:17. Wat dink jy van die term –** ***die onsekerheid van rykdom*** **– in hierdie gedeelte? Het jy ooit so daaraan gedink? Hoe bepaal 'n mens waar ons hoop vir die toekoms regtig is?**

**Prediker 5:9. Hoe dink jy oor hierdie stelling van Salomo? Hoe het jy dit al sien uitspeel in hierdie lewe?**

**Lukas 12:15. Hoe dink jy lyk dit prakties as iemand se lewe afhanklik raak van die oorvloed van sy besittings? Wat is die tekens wat 'n aanduiding daarvan gee? Het jy dit al in jou eie lewe gesien? Hoe het jy dit hanteer?**

**Lees Matteus 6:24-33. Waaroor is jy tans bekommerd? Hoe kan jy daaroor bid? Watter stap kan jy neem om allereers God se koninkryk te soek in jou huidige situasie?**

**Hoe gaan jy hierdie week oplet na die rigting waarin jou finansies vloei? Ho gaan jy** ***MERK hoe jou beursie LEK?***

# Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

# Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**